Oor die Afrikaanse Taalmonument se voorgestelde naamsverandering: Danie van Wyk se mening

Danie van Wyk

Seminare en essays

2022-05-20

3

0 0 0 0 1 0 1

"Die Afrikaanse Taalmonument is 'n ikoon wat uitstaan en bestaan as 'n besonderse erkenning aan die ontstaan en die ontwikkeling van Afrikaans," sê Danie van Wyk.

.....

Die jaar 1975 is deur die destydse apartheidsregering verklaar as 'n jaar om die tale in Suid-Afrika te vier, maar die fokus was slegs op Afrikaans. 14 Augustus 1975 is as 'n openbare vakansiedag verklaar om die stigting van die Genootskap van Regte Afrikaners 100 jaar tevore te gedenk en te herdenk.

.....

Die jaar 1975 is deur die destydse apartheidsregering verklaar as 'n jaar om die tale in Suid-Afrika te vier, maar die fokus was slegs op Afrikaans. 14 Augustus 1975 is as 'n openbare vakansiedag verklaar om die stigting van die Genootskap van Regte Afrikaners 100 jaar tevore te gedenk en te herdenk.

Die Afrikaanse Taalmonument is op 10 Oktober 1975, wat destyds saamgeval het met die ou Krugerdag, ingewy. Vir Afrikaners was dit ’n groot gebeurtenis. John Vorster, eerste minister op daardie stadium, was die geleentheidspreker en het dit as ’n oorwinning vir Afrikaans gesien. Dit moet egter teen die agtergrond gesien word van Afrikaner-nasionalisme soos dit destyds gevier is.

.....

Agtergestelde Afrikaanse gemeenskappe was by die geleentheid uitgesluit. Ironies genoeg is ’n gedig van Adam Small by die inwydingseremonie voorgelees, alhoewel hy nie teenwoordig of uitgenooi was nie, en daar was Afrikaanse skrywers wat die geleentheid geboikot het uit protes.

.....

Agtergestelde Afrikaanse gemeenskappe was by die geleentheid uitgesluit. Ironies genoeg is ’n gedig van Adam Small by die inwydingseremonie voorgelees, alhoewel hy nie teenwoordig of uitgenooi was nie, en daar was Afrikaanse skrywers wat die geleentheid geboikot het uit protes. Dit was byna asof die Taalmuseum in sonde gebore en ontvang was en nie deur almal aanvaar is nie.

Dit is dus duidelik dat die Afrikaanse Taalmonument nie alle Afrikaanssprekendes ingesluit het nie en dus ’n teken van eksklusiwiteit was – iets van verhewenheid van sommige bo die res wat nie geakkommodeer is weens die politieke bedeling van die tyd nie.

Die geskiedenis van die monument kan dus nie geïgnoreer word nie. Die inwyding het plaasgevind nege maande voor die Soweto-opstande teen die implementering van Afrikaans as ’n medium van onderrig in skole in Soweto, wat Afrikaans besonder groot skade berokken het en dit as “die taal van die onderdrukker” gesien is. Die taal het politieke bagasie gehad en was onaanvaarbaar vir ’n groot persentasie Suid-Afrikaners.

Dít moet alles in perspektief geplaas word gegewe die verdeelde geskiedenis van die verlede betreffende Afrikaans.

.....

Die monument móés eenvoudig transformeer om as ’n baken van inklusiwiteit aanvaar te word. Dit moes alle Afrikaanssprekendes insluit om mee te identifiseer as deel van ’n gedeelde erfenis.

.....

Die monument móés eenvoudig transformeer om as ’n baken van inklusiwiteit aanvaar te word. Dit moes alle Afrikaanssprekendes insluit om mee te identifiseer as deel van ’n gedeelde erfenis. Die naam self is nie aanstootlik gevind nie, maar dis wel gesien as manifestasie van verwerping deur ’n groot deel van die Afrikaanse gemeenskap op daardie tydstip in die geskiedenis van die Taalmonument as ’n instelling.

.....

Vandag word dit egter deur almal aanvaar en word dit gesien as ’n baken van versoening, want die rol wat dit speel is om erkenning te gee aan die bydrae van almal tot die ontwikkeling van die taal. Uitstallings van verskeie invloede op Afrikaans word

daar waargeneem en toere vanaf skole word vanuit voorheen benadeelde Afrikaanssprekendes met ope arms verwelkom.

.....

Vandag word dit egter deur almal aanvaar en word dit gesien as ’n baken van versoening, want die rol wat dit speel is om erkenning te gee aan die bydrae van almal tot die ontwikkeling van die taal. Uitstallings van verskeie invloede op Afrikaans word daar waargeneem en toere vanaf skole word vanuit voorheen benadeelde Afrikaanssprekendes met ope arms verwelkom. Die Afrikaanse Taalmonument het gearriveer, word omarm en gevier. Dit het ’n instelling geword waarop almal vandag trots kan wees.

Wat Nathi Mthethwa, die minister van sport en kultuur, doen deur die uitvaardiging van die edik dat die Taalmonument se naam moet verander, is absurd. Dit werk verdelend in en heg ons nie tot ’n nasie saam nie. Dit is duidelik dat hy nie die geskiedenis van Afrikaans, en nog minder die ontwikkeling van die taal, ken nie. Afrikaans het ’n bevrydingstaal geword en word so erken. Dit is jammer dat daar van regeringskant altyd met ideologiese doelwitte ingegryp word. Eintlik moet dit as mistasting beskryf word. Dit kan ook gesien word as ’n totale aanslag teen Afrikaans en alles waarvoor dit staan. Op hierdie wyse word die monument ook nou onder beleg geplaas. Die Minister se aksie word as verdelend gesien en dra nie by tot sosiale kohesie wat hy so baie predik nie.

.....

Wat Nathi Mthethwa, die minister van sport en kultuur, doen deur die uitvaardiging van die edik dat die Taalmonument se naam moet verander, is absurd. Dit werk verdelend in en heg ons nie tot ’n nasie saam nie. Dit is duidelik dat hy nie die geskiedenis van Afrikaans, en nog minder die ontwikkeling van die taal, ken nie. Afrikaans het ’n bevrydingstaal geword en word so erken. Dit is jammer dat daar van regeringskant altyd met ideologiese doelwitte ingegryp word. Eintlik moet dit as mistasting beskryf word. Dit kan ook gesien word as ’n totale aanslag teen Afrikaans en alles waarvoor dit staan.

.....

Die Afrikaanse Taalmonument is ’n ikoon wat ontwerp was om Afrikaans as ’n inheemse taal te erken en te vier – wat Mthethwa en sy kollega, Blade Nzimande, nie doen of erkenning aan gee nie. Die voorgestelde naamsverandering het groot emosie onder Afrikaanssprekendes oor die hele spektrum ontlok. Afrikaanssprekers word in die proses gereduseer tot tweedeklasburgers omdat hul regte en voorregte onder die swaar ideologiese stewels van die Minister vertrap word.

.....

Daar kan nie meer aangevoer word dat die Taalmonument ander taalsprekers uitsluit nie. Erkenning word juis gegee aan die invloed van Afrika-tale op Afrikaans ook. Die Afrikaanse Taalmonument het ’n simbool van versoening geword en het lankal die kleed van ’n apartheidsinstelling afgewerp. Ons het mede-eienaarskap van Afrikaans asook die monument aanvaar.

.....

Daar kan nie meer aangevoer word dat die Taalmonument ander taalsprekers uitsluit nie. Erkenning word juis gegee aan die invloed van Afrika-tale op Afrikaans ook. Die Afrikaanse Taalmonument het ’n simbool van versoening geword en het lankal die kleed van ’n apartheidsinstelling afgewerp. Ons het mede-eienaarskap van Afrikaans asook die monument aanvaar. Daaraan is daar geen twyfel nie en ons sal as ’n eenheid saam die voorgestelde naamsverandering beveg. As dit daarop aankom, sal ons onomwonde ons afkeer daarvan aanteken.

Dit beteken ook nie dat daar erkenning gegee word aan “apartheidsinisiatiewe” nie. Dit is ook nie uniek dat ’n taal as ’n kultuurerfenis erken word nie.

Die feit dat die naamsverandering “ononderhandelbaar” is soos deur Mthethwa genoem, dui op die afkondiging van ’n verordening.

Die aksie en grootskaalse teenkanting teen die verandering van die naam van die Taalmonument moet nie onderskat word nie. Slegs druk op die Minister sal hom moontlik van plan laat verander, soos met die oprigting van sy skandvlagpaal.

Die leuse van Suid-Afrika is nie om dowe neute “Eenheid in verskeidenheid” nie. Dit dui daarop dat ons as Suid-Afrikaners mekaar moet aanvaar en ons verskeie kulture asook identiteite moet respekteer.

Danie van Wyk, Uitvoerende voorsitter, DAK Netwerk

Lees ook:

Persverklaring: Taalmuseum bekyk protespoësie

Ter ere van Jeugmaand bied die Afrikaanse Taalmuseum en -monument op Saterdag 11 Junie 2022 ’n gratis slypskool met musikant Luna Paige oor Afrikaanse protespoësie aan.

LitNet 0

Persverklaring deur die Afrikaanse Taalmuseum en -monument oor ’n moontlike naamsverandering vir die instelling

Dit is tyd vir ’n “volkskongres” oor Afrikaans

(Ab)using language for narrow socio-political and racist interests

0 0 0 0 1 0 1

3

Kommentaar

Dirk Drentelaar
2022-05-20 at 16:45

Ons enigste apolitiese, apartheid-onbesmette taalmonument staan op Burgersdorp. Nederlands is ons moedertaal, nie Afrikaans.

Reply

Anthony "Speedo" Wilson
2022-05-21 at 04:05

Kom laat ons wietie
Oom Adam het gesê, “Kô laat ons sing!”
Uncle Don Materra – bra Zinga sê, “Let the children decide for it is their world.”
Oom SV Petersen noem dit, “Die vloekstraf van ‘n donker huid.”
My geleerde vriend Peter Snyders sê, “Ek is ‘n ordinary mens.”
‘n Vriend waarvoor ek bid Robert ‘Robba’ Pearce praat van, “’n Lied vir Azania.”
Laat ek Anthony SPEEDO Wilson jou wietie ...

“Nathi Nthetwa
Blade Nzimande
Die ANC
Is nie my vyand nie en wat hulle sê is nie altyd noodwendig verkeerd nie.
Nathi en Blade is ministers – Ampsdraers
die ANC is die – Regering
Dalk wil Nathi net hê dat ONS VLAG ook soos die Great Wall of China ook van Space gesien kan word want sê die Bybel nie, “Ons sal die armes altyd by ons hê”.
Dalk verstaan Blade net nie dat dit die Khoi en San is wat eintlik Afrikaans begin het nie en dat die boere net die punte en die kommas ingesit het nie.
Onthou die ANC dalk net langer as Danie van Wyk?
Saterdag 21 Mei 2022 03H45

Reply

Carol Laurent
2022-05-22 at 16:32

Dis onaanvaarbaar dat die Afrikaanse Taalmonument 'n moontlike naamsverandering moet ondergaan. Waarom word daar nie die nodige respek getoon vir 'n kultuurskat eie aan taal nie?

Reply

Reageer

Jou e-posadres sal nie gepubliseer word nie. Kommentaar is onderhewig aan moderering.

Reageer

Jou naam*

Jou e-posadres*

Save my name, email, and website in this browser for the next time I comment.

PLAAS

Stel my in kennis indien nuwe kommentaar bygevoeg word.